



eduresourceza.com



Brescia House School

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 VOORBEREIDINGSEKSAMEN - VRAESTEL 2
11 JULIE 2023

Tyd: 2½ uur
Leestyd: 10 minute

Punte: 100

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit **11** bladsye - (*Voorblad en rubrieke ingesluit*).

Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** AFDELINGS.
Afdeling A Letterkunde – *Donker Web* (70 punte)
Afdeling B Transaksionele skryfwerk (30 punte)
3. Beantwoord al die vrae.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Nommer antwoorde soos die vrae op die vraestel.
6. ALLE vrae moet in **Afrikaans** beantwoord word.

VOORSPOED!

Eksaminator: M. van Wyk

Moderators: R. Fulton
M. Taffara (*Assumption Convent School*)

INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord al vier vrae in jou antwoordboek.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
3. Beplan jou antwoorde eers deeglik voordat jy jou finale antwoord neerskryf.

BEPLANNING

1. Doen die beplanning van jou antwoord op die linkerkantse bladsy van die antwoordboek.
2. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.
 - a) Skryf die opskrif BEPLANNING boaan die bladsy.
 - b) Jou beplanning word nie bepunt nie – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.
3. Skryf die aantal woorde aan die einde van elke vraag neer.

VOORBEELD:

BEPLANNING (linkerkantse bladsy)		VRAAG 1 (regterkantse bladsy)	
			
(Moenie te veel tyd aan beplanning bestee nie)		Jou finale antwoord. Woordtelling: bv. 200 woorde	

VRAAG 1 Drie lande, drie blyplekke

Greg het op verskillende plekke gebly gedurende die tyd waarin hy na die Baker gesoek het.

Lees die volgende aanhalings uit **Donker Web** noukeurig deur en beantwoord die vrae oor drie van dié plekke.

Met Van Riebeeckstraat ry ek op na die studio apartment wat ek op die internet gevind het. Nog gastehuse en studentewoonstelle flits verby.


Dan sien ek dit: netjies, wit mure, prime property, parkering aan die agterkant.

Dis waar ek stilhou. Ek grawe in die paneelkissie vir die sleutel wat die eiendomsagent vir my gekoerier het.

Op met die trappe na die tweede vloer. Nommer sewe.

“My nuwe happy place, uiteindelik,” sê ek vir myself toe die deur oopswaai.

(bl. 25 & 26)



- 1.1 In watter stad arriveer Greg en hoekom is hy daar? (2)
- 1.2 Hoe kan Greg dit bekostig om in sulke “prime property” te kan bly? (1)
- 1.3 Daar word by Greg se woonstel ingebreek wanneer hy nie tuis is nie. Wat ontdek hy teen die glas-skuifdeur wat op die balkon uitgaan? (1)
- 1.4 Op ‘n dag is Greg se hele badkamer met bloed besmeer. Wat het hier plaasgevind? (1)

Die Uber laai ons in die karaktervolle Balat-distrik van die stad af. Die meeste geboue is kleurvol geverf in geel, pienk, blou, groen. Al herinner die geboue my aan die Bo-Kaap, en die diefwering aan bykans elke liewe huis in Suid-Afrika, is alles nuut en vreemd vir my.

Ek, Xander en Plank stap met die steil straat op terwyl ek die omgewing inneem. Uiteindelik kom ons by ‘n stel trappe waar ons indraai en verder boontoe klim. (bl. 142)



- 1.5 In watter stad is die Balat-distrik? (1)
- 1.6 Waar moes Greg vir Xander twee en ‘n half uur nadat hulle in die stad aangekom het, ontmoet? (1)
- 1.7 In die Sultanamet-distrik besluit Xander dat hulle die “Heilige Wysheid”, die Hagie Sophia, moet besoek. Hulle sien die inskripsie **“ΝΙΨΟΝ ΑΝΟΜΗΜΑΤΑ ΜΗ ΜΟΝΑΝ ΟΨΙΝ”** wat tevore op die watervont was.
 - 1.7.1 Waarvan was die inskripsie, die palindroom, vir Xander ‘n simbool? (1)

1.7.2 Verduidelik kortliks hoe die palindroom van toepassing is op Greg en Xander se lewe. (1)

1.8 Waarheen moes Greg inderhaas, na 'n klopjag op Xander se woonstel, vlug? Gee net die stad se naam. (1)

Uiteindelik kry ons die Airbnb-blyplek wat Ayla vir ons bespreek het: 'n studio waar 'n kunstenaar af en toe kom werk, maar vir nou het ons die plek vir onself. Xander en Ayla vat die grootste kamer. Ek kry 'n kleiner een naby die badkamer wat ons drie moet deel. Die gesellige kombuis is die hart van die plek waar ons self moet kosmaak. Dit neem nie lank om ons tuis te maak nie. (bl. 245)

1.9 In watter stad speel hierdie aanhaling af? (1)

1.10 Wie bly in 'n ander vleuel van dieselfde gebou waarin Greg, Xander en Ayla woon en waarom is daardie persoon ook in die stad? (2)

1.11 Verduidelik kortliks waarom Plank nie saam met hulle in hierdie stad is nie. (2)

[15]

VRAAG 2 Verhoudings: die vroulike rolspelers in Greg se lewe.

2.1 Gedurende Greg se lewensreis, is daar verskeie vroue wat 'n impak op sy lewe het. Skryf 'n paragraaf van tussen **80 – 120 woorde** waarin jy die vroue in Greg se lewe asook hul invloed op hom bespreek.

Verwys na die volgende kolpunte in jou paragraaf.

- Greg het 'n nuwe verhouding met sy ma. Watter **gebeurtenisse** het daartoe gelei dat Greg en sy ma nader aan mekaar beweeg het. (2)
- Rina Owen het soms baie alleen en hartseer gevoel. Wat, vertel sy vir Greg, doen sy wanneer sy alleen in die huis is om sodoende haar hartseer uit te druk? (1)
- Greg het by sy ma gaan kuier. Wat het daartoe gelei dat daar 'n konflik-situasie tussen Greg en sy ma ontstaan het? (1)
- Greg het 'n pakkie waarin daar 'n notaboekie was per koerier ontvang. Op die laaste bladsy staan 'n enkele woord: **“Valkyrie”**. Verduidelik kortliks wie of wat Valkyries volgens die Noorse mitologie is. (2)

- Greg het nie geweet dat hy al kontak met 'n vrou wat Valkyrie genoem word, gehad het nie. Waar het Greg se paaie al met Valkyrie gekruis? Noem **twee** geleenthede. (2)
- Wie is die meisie wat in Greg se studentewoonstelgebou bly en watter ooreenkoms het sy met Greg gemaak? (2)

2.2 Greg se eerste ontmoeting met Lisa.

2.2.1 Wie is Lisa? (1)

2.2.2 Wat is Lisa se pa se naam en wat was sy beroep? (2)

2.3 Is die volgende stelling **waar** of **onwaar**? Motiveer jou antwoord.

Lisa se pa het erken dat hy onregverdig teenoor Greg opgetree het. (2)

[15]

VRAAG 3 Dialoog – *Donker Web* deur Fanie Viljoen

Situasie:

Ayla is terug in Suid-Afrika en 'n joernalis voer 'n onderhoud met haar oor alles wat gebeur het.

Opdrag:

Voltooi die volgende (*fiktiewe*) **gesprek** tussen **Ayla en die joernalis**. Skryf slegs die **vraagnummers** en **Ayla se respons** in jou antwoordboek neer. Laat 'n **reël oop** na elke nommer.

Ayla se respons moet **volgens die konteks van die verhaal** wees.

3.1	Joernalis:	In Venesië het Greg 'n teorie gehad wat hy op die Rialto-brug met jou gedeel het. Jy het dit 'n " <i>conspiracy theory</i> " genoem het. Verduidelik sy teorie deur te verwys na jou ouers en Xander.	
	Ayla:		(2)
3.2	Joernalis:	Hoekom wou jy nie Greg se " <i>conspiracy theory</i> " glo nie.	
	Ayla:		(1)
3.3	Joernalis:	Verduidelik hoekom het jy tog later oor Greg se teorie begin twyfel het.	
	Ayla:		(2)
3.4	Joernalis:	Wat het jy en Greg op die Rialto-brug gedoen, wat vir Xander baie kwaad gemaak het?	
	Ayla:		(1)
3.5	Joernalis:	Wat het in Jeffreysbaai gebeur waaroor Greg nog steeds baie kwaad was?	
	Ayla:		(1)
3.6	Joernalis:	Wat is Xander se verduideliking van die situasie(3.5)?	
	Ayla:		(2)

Blaai asseblief om

3.7	Joernalis:	Op die Rialto-brug het Greg gesien dat Xander nie so selfversekerd is soos wat wat hy altyd lyk nie. Waarvan het Greg vir Xander beskuldig en wat was Xander se reaksie daarop?	
	Ayla:		(2)
3.8	Joernalis:	Hoekom wil Greg wraak op die Baker neem?	(1)
	Ayla:		
3.9	Joernalis:	Baker se mense het Xander se pa vermoor. Noem nog twee persone wat by Xander se pa se teregstelling teenwoordig was.	(2)
	Ayla:		
3.10	Joernalis:	Xander het by die <i>Domus Florentia Hotel</i> 'n pakkie met 'n teddiebeer daarin ontvang. Waarvoor was die teddiebeer gebruik?	
	Ayla:		(1)
			[15]

VRAAG 4 Langvraag

Vertroue en wantroue / agterdog is 'n deurlopende tema in *Donker Web*.

Opdrag:

Skryf 'n opstel van **tussen 250 - 400 woorde** oor die gekompliseerde gebeurtenisse in *Donker Web* waar **vertroue en wantroue / agterdog** 'n groot rol in Greg én ander mense in Greg se lewe speel.

Gebruik die ideekaart hieronder.

- Die punte tussen hakies wys hoeveel feite verwag word.
- Jou opstel moet ook 'n **inleidings- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Skryf die **aantal woorde** aan die einde van jou opstel neer.



Paragraaf 1:

- Waaraan dink Greg as hy die "*Broken Trust*"- kunswerk by die SMAC-kunsgalery sien? (1)
- Waarmee gaan Xander vir Greg help? (1)
- Verduidelik kortliks hoe ons weet dat die bogenoemde persoon nie vir Greg vertrou het net nadat hulle weer kontak gemaak het nie. Verwys spesifiek na wat hierdie persoon van Greg vereis en wat Greg gedoen het. (2)
- Greg het sekere goed van Xander en Ayla weerhou omdat daar 'n gebrek aan vertroue was. Wat het Greg van hulle weerhou? Gee **twee** feite. (2)



Paragraaf 2:

- Waarom vertrou Greg se medestudente hom nie? (1)
- Wie is die *Butcher*, die *Baker* en die *Candlestick-maker* en wat was hulle rolle in *Project Nursery Rhyme*? (6)
- Verduidelik wat die doel van *Project Nursery Rhyme* was. (2)



Paragraaf 3:

- Hoe voel Greg teenoor Thomas Lawson wanneer hy vir Greg hulp aanbied? (1)
 - Hoe breek Greg die reëls van vertroue teenoor sy vriend, Plank? (1)
 - Wie was Tom en hoe weet ons dat hy nie vir Greg vertrou nie? (2)
 - Wat het Greg se ma na die hofsak gesê toe Greg vir haar gesê het dat hy wou wraak neem op sy “vriend” van Lawson College? (1)
- [20]

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. Verwys na die aangehegte rubriek.

(Inhoud: 20 + Taal:5) [25]

TOTAAL VIR AFDELING A: 70

Blaai asseblief om

TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

Instruksies vir Afdeling B

- 📖 Beantwoord altwee vrae in hierdie afdeling.
- 📖 Onthou om die regte formaat vir elke skryfstuk te volg.
- 📖 Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
- 📖 Beplan jou antwoord voordat jy jou finale antwoord skryf.
- 📖 Doen jou beplanning aan die linkerkant van die bladsy. Skryf die opskrif **Beplanning** boaan.
- 📖 Skryf jou vraagnommer boaan jou finale antwoord, bv. **Vraag 5**.
- 📖 Skryf die aantal woorde aan die einde van elke vraag neer.
- 📖 Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

Let wel

Hierdie afdeling sal volgens die aangehegte rubriek nagesien word. Die volgende kriteria sal gebruik word:

- Kennis van vereistes van skryftaak
- Interpretasie van opdrag
- Inhoud en idees
- Register en toon
- Taalgebruik

VOORBEELD:

BEPLANNING (linkerkantste bladsy)  (Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie)	SKRYFSTUK (regterkantste bladsy)  Finale skryfstuk. Woordtelling: bv.200 woorde
--	--

VRAAG 5

Situasie:

Jy besluit om aan jou beste maat 'n e-pos te stuur. Julle was voorheen saam in dieselfde skool, maar is nou in verskillende skole. Jy wil hom/haar inspireer met 'n positiewe e-pos. In die gees hiervan vertel jy jou maat kortliks hoe jou eerste termyn in graad 12 verloop het, van jou effektiewe voorbereiding vir die eksamen wat voorlê in Julie, en om hierdie maat te nooi om saam met jou op 'n droomreis te gaan ná die eindeksamen.



Opdrag:

Skryf nou 'n e-pos en maak seker dat jy die volgende aspekte dek:

- 'n Gepaste inleiding van 1 tot 2 sinne.
- Hoe jou eerste termyn van 2022 was.
- Jou voorbereiding vir die Julie-eksamen.
- Jou oulike idee/plan vir 'n droomreis ná die eindeksamen verby is.
- 'n Slot van 1 tot 2 sinne met 'n inspirerende boodskap.

Instruksies:

- Jou e-pos moet tussen **150 – 220 woorde** wees.
- Jy moet die korrekte woordtelling aandui.
- **Jy moet die volgende formaat vir jou e-pos gebruik:**

Aan	
Van	
Onderwerp	
Beste / Liewe	
xxx	
Inleiding	
xxx	
Paragraaf 1	
xxx	
Paragraaf 2	
xxx	
Paragraaf 3	
xxx	
Slot	
xxx	
Groete	
(Jou naam)	

[20]

Blaai asseblief om

BOODSKAP VIR SKOOL SE JAARBOEK 2023

Situasie: Die Matrieks is gevra om 'n kort nota / inskrywing vir die skool se jaarboek onder die titel, **ONS ONTHOU**, te skryf.

OPDRAG

Skryf 'n nota vir Brescia House School se 2023 jaarboek oor 'n **mooi herinnering** wat jy altyd sal onthou.

Skenk aandag aan die volgende aspekte :

Onthou:

- ✚ Gee konteks, m.a.w. wat het gebeur?
- ✚ Wie was betrokke?
- ✚ Waarom sal jy dit altyd onthou?
- ✚ Die inhoud van jou nota móét tussen **60 en 100 woorde** lank wees.
- ✚ Skryf die **woordtelling** onderaan jou nota.
- ✚ Skryf die titel, **ONS ONTHOU 2023** boaan en **jou naam** onderaan jou nota.

[10]



#Insieme
#TogetherConnected
#Sisterhood

TOTAAL VIR AFDELING B: 30

GROOTTOTAAL VIR VRAESTEL II: 100

Vraag 4

D6 RUBRIEK: LITERÊRE OPSTEL – VRAESTEL II, AFDELING A

INHOUD (20)	<i>Die inhoud van die literêre opstel word bepunt volgens feite na aanleiding van die nasienriglyne van die betrokke vraestel.</i>
STRUKTUUR EN TAAL (5)	KRITERIA
5 punte	Struktuur: Oorspronklike en kreatiewe inleiding en slot; feite uitsonderlik uiteengesit. Taal: Puik
4 punte	Struktuur: Goeie inleiding en/of slot; feite sinvol uiteengesit. Taal: Wel taalfoute, maar leesstuk vloei nog.
3 punte	Struktuur: Geen inleiding of slot nie; feite verstaanbaar uiteengesit. Taal: Taalfoute steurend en begin betekenis beïnvloed.
2 punte	Struktuur: Geen inleiding of slot nie; opstel hortend en vloei nie. Taal: Oormatige taalfoute.
1 punt	Struktuur: Geen inleiding of slot nie. Paragrafering swak; feite verwarrend. Taal: Swak taalgebruik; oormatige gebruik van Engels; dele onverstaanbaar.

Vraag 5 & 6

RUBRIEK: TRANSAKSIONELE SKRYFSTUKKE – VRAESTEL II, AFDELING B

VRAAG 5 = 20; VRAAG 6 = 20 ÷ 2

(Hierdie rubriek is 'n vereenvoudigde weergawe van D7 en moet in oorleg daarmee gebruik word.)

KRITERIA	UITSONDERLIK 10–12	KNAP 8–9½	GEMIDDELD 6–7½	ELEMENTÊR 4–5½	ONVOLDOENDE 0–3½
INHOUD, BEPLANNING, STRUKTUUR 1. Idees 2. Organiserings van idees; vloei van leesstuk 3. Struktuur (12)	1. Opdrag behoorlik en volwasse uitgebrei 2. Leesstuk vloei gemaklik 3. Struktuur aanvaarbaar	1. Opdrag goed benader 2. Leesstuk vloei 3. Struktuur aanvaarbaar	1. Opdrag minder suksesvol benader 2. Leesstuk minder vloeiend 3. Struktuur aanvaarbaar	1. Opdrag swak benader 2. Effense mistasting 3. Leesstuk raak onsamehangend	1. Inhoud maak weinig sin 2. Mistasting 3. Leesstuk baie onsamehangend
TAAL, STYL EN REDIGERING 1. Toon, register, styl 2. Grammatika en woordeskat (8)	1. Toon en register in die kol 2. Grammatika feitlik foutvry; uitstekende woordgebruik	1. Toon en register gepas 2. Grammatika oorwegend foutvry; goeie woordgebruik	1. Toon en register gepas 2. Taalfoute belemmer nie betekenis; leemtes in woordeskat	1. Toon en register nie gepas 2. Taalfoute belemmer betekenis; woordeskat swak; dele in Engels	1. Toon en register nie gepas 2. Taalfoute belemmer betekenis ernstig; woordeskat swak; oorwegend Engels
VERSPREIDING VAN PUNTE	17–20	13–16	10–12	7–9	0–6

LET WEL:

Die onderwyser kan besluit watter weergawe van D7 hy/sy wil gebruik, aangesien hulle identies is wat punttoekenning en kriteria aanbetref. Die tweede weergawe bevat net minder omskrywings. Tog moet die onderwyser hom/haar vergewis van die breedvoeriger omskrywings in die volledige weergawe van D7, indien die vereenvoudigde weergawe gebruik word.